

Gaan haal die sjampanje! 'n Korpuseronderzoek na skakelwerkwoordsamesmelting in Afrikaans

Peter Dirix en Liesbeth Augustinus

A corpus study on the alternation of complex and simplex initials in Afrikaans

In Afrikaans main clauses the lexical verb usually appears on the second sentence bracket when it is selected by an auxiliary on the first sentence bracket. However, an alternative construction with the main verb collocated with the auxiliary on the first sentence bracket is also possible. Those constructions are called 'simplex initials' and 'complex initials' respectively. We conduct a corpus study to investigate which factors determine the alternation between both constructions. The corpus data reveal that only a few combinations of the auxiliary and lexical verb appear in both constructions. We present the results of a distinctive collexeme analysis in which we investigate which verb combinations are significantly attracted to one of the constructions.

1. Inleiding

Net soos in Nederlands en Duits staan die hoofwerkwoord in Afrikaanse hoofsinne op die tweede sinspool as dit geselekteer word deur 'n hulpwerkwoord op die eerste sinspool, soos in (1). 'n Alternatiewe konstruksie waar die hoofwerkwoord saam met die hulpwerkwoord op die eerste sinspool staan, is in teenstelling met Nederlands en Duits egter ook moontlik, soos in (2).

- (1) Ek *kom* hier werk *soek*.
- (2) Ek *kom soek* hier werk.

In die literatuur staan konstruksies soos (2) bekend as 'complex initials' (CI), 'quirky verb second' (De Vos, 2006) of skakelwerkwoordsamesmelting (Ponelis, 1979: 244-245), in teenstelling met 'simplex initials' (SI) of nieversmelte konstruksies soos in (1). Sowel Ponelis (1993), Robbers (1997) as De Vos (2006) vermeld dat 'n aantal werkwoorde in beide konstruksies voorkom sonder betekenisverskil. 'n Aantal konstruksies soos *gaan haal* en *laat kom* is waarskynlik geleksikalisies (Ponelis, 1993), maar volgens Robbers (1997) is daar in die meerderheid van die gevalle geen semantiese onderskeid tussen die twee konstruksies nie. Ander skrywers gee voorstelle vir moontlike

betekenisverskille, soos 'n kousatiewe versus 'n permissiewe betekenis in die geval van *laat* (De Vos, 2006) of vir *gaan* en *kom* die gebruik as 'n toekomsmerker versus 'n aspektuele betekenis. Sowel De Stadler (1992) as De Vos (2005: 179-181) voer aan dat die fokus vir versmelte konstruksies met *gaan* en *loop* eerder lê op die toekomsverwysing van die hulpwerkwoord, terwyl daar vir nieversmelte konstruksies 'n bewegingsbetekenis is. Vir Biberauer (2020) is samesmelting vir hierdie twee werkwoorde verplig in die geval van bevelsinne.

'n Aantal medewerkwoorde kom voor in versmelte konstruksies: *gaan*, *laat* en *kom*, maar ook ander direkte skakelwerkwoorde, dit is werkwoorde wat as vervangende infinitief ('infinitivus pro participio' – IPP) kan optree: *probeer*, *leer*, *begin* en *help*.¹ De Vos (2001) beweer dat versmelte konstruksies geleksikalisier is, en dat *probeer*, *leer*, *begin*, *help*, *aanhou* en *ophou* amper altyd nieversmelt optree en ook amper altyd vervang sou kon word deur 'n *om te*-infinitiefkonstruksie. Hy merk verder ook op dat in die geval van skakelwerkwoordsamesmelting al die werkwoorde op die eerste sinspool moet staan, soos in hierdie voorbeeld uit Robbers (1997):

(3) Nou gaan staan en verf hulle die ding groen.

Van Schoor (1983: 167-173) daarenteen gee ook voorbeelde met *aanhou* en *bly* in versmelte konstruksies, terwyl Biberauer (2019) ook die leksikale werkwoorde *bly*, *begin* en *probeer*, en Cavarani-Pots (2020) *help* en *leer* identifiseer as moontlike hulpwerkwoorde vir samesmelting.

Uit 'n klein korpusstudie (gesproke Afrikaans) met 421 voorbeelde besluit Ponelis (1993: 325-331) dat die versmelte konstruksie slegs kan voorkom by *gaan*, *laat*, *kom* en *bly*, en dat hulle alleenlik in die geval van *kom* die voorkeur kry. Hy voer aan dat verskeie faktore die ontwikkeling van skakelwerkwoordsamesmelting in Afrikaans beïnvloed het. Vermits die konstruksie ook voorkom in ouder en dialektiese Nederlands, en dan meestal in 'n bevelsinkonstruksie, waar die morfologies eenvoudigste vorme voorkom, stel hy dat die gebrek aan werkwoordmorfologie lei tot samesmelting. Hy vermeld ook leksikalisering en die bestaan van saamgestelde werkwoorde van die V+V-tipe in Khoitale. Verder argumenteer Ponelis (1979: 244-245) dat versmelte konstruksies eerder omgangstaal is, terwyl nieversmelte konstruksies formeler is. Hieruit lei hy af dat daar een samesmeltingsproses is wat nog nie afgerond is nie, dus dat ons in die middel van 'n taalveranderingsproses is waar versmelte konstruksies die nieversmelte langsaamhand sal vervang.

Daarnaas vind ons ook voorbeelde met indirekte skakelwerkwoorde wat in die

plek van 'n gewone infinitief deur die bindpartikel *en* met die hoofwerkwoord verbind word soos in (4): *staan*, *loop*, *lê* en *sit* (Biberauer, 2019). Ponelis (1993) vermoed op grond van sy korpusstudie (wat slegs ses voorbeelde bevat) dat hierdie werkwoorde altyd versmelte konstruksies selekteer. Vir De Vos (2006) is dit egter opsioneel, maar die skeibare partikel kan nie in die versmelte werkwoordgroep indring nie:

- (4) a. Waarom *staan en jaag* Jan die olifante weg?
- b. Waarom *staan* Jan die olifante *en wegjaag*?
- c. ★Waarom *staan en wegjaag* Jan die olifante?

Cavirani-Pots (2020) vermeld ook nog dat die partikel *en* by *loop* met 'n bewegingsbetekenis opsioneel is, maar verplig is in progressiewe konstruksies.

Samesmelting is egter onmoontlik by hulpwerkwoorde van tyd en modale hulpwerkwoorde, byvoorbeeld:

- (5) a. Sy *moet* die kinders *help*.
- b. ★Sy *moet help* die kinders.

Hierdie beskouings lei tot 'n aantal vrae wat ons oor hierdie konstruksies kan stel. Watter werkwoorde vertoon wisseling tussen versmelte en nieversmelte konstruksies? Is daar werkwoorde wat 'n leksikale voorkeur vir een van die twee konstruksies het? Is daar semantiese verskille tussen die konstruksies? Is daar ander faktore wat die wisseling kan verklaar?

Die hipoteses uit die literatuur is nog nie op grond van 'n uitgebreide korpusondersoek getoets nie en die bostaande vrae is dus ook nog nie beantwoord nie. In hierdie ondersoek bestudeer ons vir tien werkwoorde of die wisseling tussen die twee konstruksies bepaal word deur 'n leksikale faktor: die keuse van die hoofwerkwoord. Daarby ondersoek ons ook watter konstruksie verkies word in bevelsinne.

2. Korpusondersoek

In hierdie ondersoek wil ons nagaan watter faktore die afwisseling tussen die twee konstruksies bepaal. Meer spesifiek bestudeer ons in hierdie studie die invloed van die hoofwerkwoord op die keuse tussen versmelte en nieversmelte konstruksies aan die hand van die korpora in Korpusportaal.² Hierdie databasis bevat meer as 200 miljoen woorde van verskeie genres van veral geskrewe Afrikaans (handboeke, romans, wettekste, Bybeltekste, Wikipedia, ensovoorts)

wat outomaties gelemmatiseer is (met 'n akkuraatheid van ongeveer 90%) en van woordsoort voorsien is (met 'n akkuraatheid van ongeveer 75%). Vanweë die ontoereikendheid van die woordsoortetikettering van die resultate en die feit dat 'n (uitgebreide) boombank nie vir Afrikaans bestaan nie, is ons verplig om handmatig deur die resultate te gaan en die vals positiewe uit te filtreer. Bowendien is dit moeilik om die genre van 'n gegewe sin te bepaal omdat die afvoerlêers van die korpussoektogte onvoldoende is of selfs geen metagegewens bevat nie.

Ons ondersoek die invloed van die hoofwerkwoord op die afwisseling vir tien werkwoorde in hoofsinne. 'n Eerste groep is *gaan*, *kom*, *laat* en *bly*, omdat dit uit die bestaande literatuur en 'n aantal beperkte korpusstudies blyk dat hierdie werkwoorde produktief gebruik word in beide konstruksies (Ponelis, 1993; Klein, 2009). Daarnaas neem ons ook *aanhou* en *ophou* mee in die studie omdat hierdie werkwoorde volgens Cavarani-Pots (2020) vernuwende, nietradisionele IPP-werkwoorde is en *aanhou* volgens Van Schoor (1983) ook versmelt kan voorkom. Die laaste groep werkwoorde is *probeer*, *begin*, *leer* en *help*. Hierdie groep word tipies in nieversmelte konstruksies gebruik volgens Ponelis (1993), maar Biberauer (2019) en Cavarani-Pots (2020) voer aan dat versmelting nie onmoontlik is nie. Ons het vir die laaste groep werkwoorde vertrek van die data wat Bertrands (2020) vir haar korpusstudie versamel het. Die dataversameling is analoog aan wat ons gedoen het vir die ander werkwoorde.

Vanweë die ekstra handmatige skoonmaakwerk wat gedoen moes word na afloop van die korpussoektog, het ons vir enige konstruksie per werkwoord wat meer as 300 korpusrefs lae opgelewer het, 'n ewekansige steekproef van 300 refs lae geneem en hieruit die syfers vir die volledige korpus geëkstrapoleer. Vir die werkwoord *laat* het ons die soekstring (6) by versmelte en (7) by nieversmelte konstruksies gebruik. Die soekopdragte vir die ander werkwoorde is analoog.

- (6) “laat” [pos=“WW.★”] [word=“die|’n”]
- (7) “laat” [word=“die|’n”] [[]{0,4} [pos=“WW.★”]

Ons het die soekstring dus ook verder beperk tot sinne wat 'n objek het wat met 'n bepaalde (die) of onbepaalde (’n) lidwoord begin (dus 'n naamwoordgroep), en in die geval van die nieversmelte konstruksie die middelveld ook beperk tot maksimaal vyf woorde. Die gevolg van hierdie beperking is dat ons net konstruksies ondersoek met oorganklike werkwoorde. Die medewerkwoorde kan ook met onoorganklike werkwoorde kombineer, maar deur die power kwaliteit van die etikettering kon ons nie akkurate resultate vir onoorganklike werkwoorde bereken nie. Ons sal dit verder ondersoek in toekomstige werk.

3. Resultate

3.1 Algemene resultate

Die korpusresultate in Tabel 1 bevestig dat agt van die tien werkwoorde inderdaad in beide konstruksies voorkom. 206 631 242 woorde is outomaties deursoek. Die resultate is geskat op basis van 'n ewekansige steekproef van (maksimaal) 300 gevalle per konstruksie. Jammer genoeg het ons geen trefslae met die beperking uit die vorige paragraaf vir *aanhou* en *ophou* gevind nie en op grond daarvan is dit nie sinvol om 'n verder analise vir hierdie twee werkwoorde te doen nie.

	Frekwensie CI		Frekwensie SI	
	#	%	#	%
<i>kom</i>	1 629	75,82	519	24,18
<i>help</i>	29	19,46	120	80,54
<i>gaan</i>	2 453	16,31	12 588	83,69
<i>laat</i>	924	13,37	5 989	86,63
<i>leer</i>	11	11,70	83	88,30
<i>bly</i>	56	11,52	430	88,48
<i>begin</i>	39	1,78	2 152	98,22
<i>probeer</i>	10	0,47	2 110	99,53
Totaal	5 151	17,68	23 991	82,32

Tabel 1: Voorkoms in versmelte (CI) en nieversmelte (SI) konstruksies ná ekstrapolasie

Daar is groot verskille in die verdeling tussen die konstruksies. *Kom* is die enigste van die ondersoekte werkwoorde wat meestal in versmelte konstruksies aangetref word (75,82% van die gevalle). Dit sluit aan by Ponelis (1993) se insigte oor *kom*. Die werkwoorde *help*, *gaan*, *laat*, *leer* en *bly* het 'n voorkeur vir nieversmelte konstruksies, maar versmelte konstruksies maak 'n aansienlike deel uit van die datastel (tussen 11 en 20% van die gevalle). In die geval van *begin* en *probeer* wys die data in Tabel 1 dat die werkwoorde nieversmelte konstruksies verkies. Versmelte konstruksies is egter nie heeltemal onmoontlik nie, maar met minder as 2% vorm dit 'n baie klein kategorie.

Die volgende voorbeelde illustreer die variasie wat ons in die Korpusportaal aangetref het vir die ondersoekte werkwoorde:

- (8) ... en gelukkig *kom staan* 'n mooi groot ooi langs kyk ...
- (9) Na 'n rukkie staan hy op en *kom* 'n entjie van haar *staan*.
- (10) Sy *help pak* die kleingeldtjies op hopies, ...
- (11) Ons *help* die geskenkies in die kar *pak*.
- (12) Sy ma *gaan haal* 'n halwe brood.
- (13) Hulle *gaan* die mechanic *haal*.
- (14) Daleen *laat gaan* die mes.
- (15) *Laat* die natuur sy gang *gaan*.
- (16) Sy *leer ken* die eksentrieke sirkusbase, ...
- (17) Ek *leer* 'n uitruilstudent van Sjina *ken*.
- (18) Saskia *bly staan* 'n rukkie op die stoep ...
- (19) Ek *bly* 'n rukkie by die trap *staan*.
- (20) Kort daarna *begin val* die brandsolder stuk vir stuk ...
- (21) Skielik *begin* die mure om hulle *val*.
- (22) ... het Tokota gevra of hy *probeer sê* die skool probeer verskonings as 'n rookskerm ...
- (23) Wat *probeer* die Meester vir ons *sê*?

Tabel 2 toon met hoeveel verskillende hoofwerkwoorde elkeen van die ondersoekte werkwoorde in enige konstruksie voorkom. Hierdie frekwensies is bereken op grond van die steekproef van 300 resultate. Die eerste kolom toon die aantal verskillende werkwoordtipes (lemmas) wat ons in die konstruksies aangetref het. Die resultate is verdeel in tipes wat net in versmelte of nieversmelte konstruksies voorkom en werkwoorde wat in die twee konstruksies voorkom. Byvoorbeeld, vir die werkwoord *gaan* het ons 58 verskillende hoofwerkwoorde aangetref in die versmelte konstruksie. 38 van die hoofwerkwoorde kombineer net met die versmelte konstruksie, 20 van die hoofwerkwoorde kom ook voor by die nieversmelte konstruksies. Hierdie informasie is weergegee in die tabel as 58 (38+20). Vir die aantal trefslae per konstruksie, het ons 'n gelyksoortige verdeling gemaak: so is daar 222 trefslae vir *gaan* in versmelte konstruksies. In 96 trefslae kombineer *gaan* met 'n hoofwerkwoord wat net in die datastel van versmelte konstruksies voorkom. In 126 gevalle kombineer dit met 'n hoofwerkwoord wat ook in die datastel met nieversmelte konstruksies voorkom. Dit is weergegee as 222 (96+126).

	# tipes		# trefslae		% tipes CI/SI	% trefslae CI/SI
CI <i>kom</i>	71	(65+6)	240	(209+31)	6,19%	15,02%
SI <i>kom</i>	26	(20+6)	33	(23+10)		
CI <i>help</i>	22	(15+7)	29	(19+10)	10,61%	23,91%
SI <i>help</i>	44	(37+7)	63	(51+12)		
CI <i>gaan</i>	58	(38+20)	222	(96+126)	9,85%	37,01%
SI <i>gaan</i>	145	(125+20)	267	(212+55)		
CI <i>laat</i>	41	(22+19)	200	(38+162)	10,27%	51,46%
SI <i>laat</i>	144	(125+19)	245	(178+67)		
CI <i>leer</i>	3	(2+1)	11	(2+9)	4,76%	68,05%
SI <i>leer</i>	18	(17+1)	61	(21+40)		
CI <i>bly</i>	23	(16+7)	55	(25+30)	16,28%	30,00%
SI <i>bly</i>	20	(13+7)	45	(15+30)		
CI <i>begin</i>	30	(20+10)	39	(21+18)	6,41%	20,30%
SI <i>begin</i>	126	(116+10)	158	(136+22)		
CI <i>probeer</i>	8	(7+1)	9	(8+1)	0,67%	0,38%
SI <i>probeer</i>	142	(141+1)	251	(250+1)		

Tabel 2: Aantal tipes hoofwerkwoorde en trefslae per konstruksie
(CI = versmelt, SI = nieversmelt)

Uit die resultate blyk dit dat, indien ons die kombinasie met die hoofwerkwoord in ag neem, slegs 'n minderheid van die konstruksies 'n werklike afwisseling vertoon. Ook binne daardie groep is daar dikwels 'n voorkeur van die hoofwerkwoord vir 'n spesifieke konstruksie. So ook kom die kombinasie *gaan haal* amper uitsluitlik voor as samesmelting (12); nieversmelte konstruksies is egter nie heeltemal onmoontlik nie (13).

Die werkwoorde vertoon groot verskille in die relatiewe aantal konstruksies wat die afwisseling laat blyk. In die geval van *laat* is meer as die helfte van die trefslae in hierdie kategorie. Vir die hulpwerkwoord *leer* is 68,05% van die trefslae die kombinasie *leer ken*, wat in albei konstruksies voorkom. *Probeer* vertoon die minste opsionaliteit: daar is een hoofwerkwoord, *sê*, wat in albei die konstruksies staan, en dan nog met maar net een trefslag in elkeen van die kategorieë.

Vir elkeen van hierdie werkwoorde gee ons in Tabele 3 tot 10 die vyf mees frekwente hoofwerkwoorde met hul frekwensie tussen hakies. Ons sien Zipf se verdeling: 'n klein aantal werkwoorde kom herhaaldelik voor, terwyl 'n groot versameling werkwoorde slegs een maal voorkom. Veral in nieversmelte konstruksies kom baie hoofwerkwoorde slegs een maal voor in die datastel.

	CI kom	SI kom
# 1	<i>geniet</i> (55)	<i>kuier</i> (3)
# 2	<i>maak</i> (25)	<i>staan</i> (3)
# 3	<i>sê</i> (12)	<i>aansweef</i> (2)
# 4	<i>lê</i> (12)	<i>inloer</i> (2)
# 5	<i>sit</i> (10)	<i>aanhardloop</i> (2)

Tabel 3: Frekwentste hoofwerkwoorde vir *kom*

	CI help	SI help
# 1	<i>verseker</i> (3)	<i>skep</i> (4)
# 2	<i>beplan</i> (2)	<i>dryf</i> (3)
# 3	<i>maak</i> (2)	<i>grootmaak</i> (3)
# 4	<i>organiseer</i> (2)	<i>verstaan</i> (3)
# 5	<i>beskerm</i> (2)	<i>aantrek</i> (2)

Tabel 4: Frekwentste hoofwerkwoorde vir *help*

	CI gaan	SI gaan
# 1	<i>verseker</i> (3)	<i>skep</i> (4)
# 2	<i>beplan</i> (2)	<i>dryf</i> (3)
# 3	<i>maak</i> (2)	<i>grootmaak</i> (3)
# 4	<i>organiseer</i> (2)	<i>verstaan</i> (3)
# 5	<i>beskerm</i> (2)	<i>aantrek</i> (2)

Tabel 5: Frekwentste hoofwerkwoorde vir *gaan*

	CI laat	SI laat
# 1	<i>weet</i> (61)	<i>wonder</i> (9)
# 2	<i>val</i> (48)	<i>afkoel</i> (8)
# 3	<i>staan</i> (21)	<i>ontstaan</i> (8)
# 4	<i>vaar</i> (13)	<i>voel</i> (8)
# 5	<i>lê</i> (5)	<i>kom</i> (7)

Tabel 6: Frekwentste hoofwerkwoorde vir *laat*

	CI leer	SI leer
# 1	<i>ken</i> (9)	<i>ken</i> (40)
# 2	<i>bemeester</i> (1)	<i>verstaan</i> (3)
# 3	<i>sien</i> (1)	<i>praat</i> (2)
# 4		<i>voorspel</i> (2)
# 5		<i>lees</i> (1)

Tabel 7: Frekwentste hoofwerkwoorde vir *leer*

	CI bly	SI bly
# 1	<i>staan</i> (9)	<i>staan</i> (16)
# 2	<i>lê</i> (6)	<i>sit</i> (6)
# 3	<i>glo</i> (6)	<i>draai</i> (2)
# 4	<i>sit</i> (6)	<i>ontwyk</i> (2)
# 5	<i>hang</i> (4)	<i>uitsteek</i> (2)

Tabel 8: Frekwentste hoofwerkwoorde vir *bly*

	CI begin	SI begin
# 1	<i>sien</i> (3)	<i>speel</i> (7)
# 2	<i>word</i> (3)	<i>word</i> (5)
# 3	<i>speel</i> (3)	<i>maak</i> (5)
# 4	<i>skryf</i> (2)	<i>pak</i> (4)
# 5	<i>val</i> (2)	<i>bymekaarmaak</i> (3)

Tabel 9: Frekwentste hoofwerkwoorde vir *begin*

	CI probeer	SI probeer
# 1	<i>kwantifiseer</i> (2)	<i>hou</i> (12)
# 2	<i>aanvoer</i> (1)	<i>maak</i> (9)
# 3	<i>beding</i> (1)	<i>kry</i> (7)
# 4	<i>belieg</i> (1)	<i>oortuig</i> (6)
# 5	<i>bevorder</i> (1)	<i>oplos</i> (6)

Tabel 10: Frekwentste hoofwerkwoorde vir *probeer*

3.2 Onderskeidende kollekseemanalise

Uit die algemene resultate blyk dit dat daar min kombinasies van 'n medewerkwoord en 'n hoofwerkwoord is wat in beide konstruksies voorkom. Daarom voer ons een onderskeidende kollekseemanalise uit (Gries en Stefanowitsch, 2004; Gries, 2007) om vas te stel watter hoofwerkwoorde beduidend ($p < 0,05$) aangetrek word deur een van die twee konstruksies.

Hiervoor bereken ons die kollostruksiersterkte (CS), wat die waargeneemde waardes met die verwagte waardes vergelyk, gebaseer op die verhouding tussen die voorkoms van versmelte en nieversmelte konstruksies in die volledige datastel en wat verkry word deur die logaritme te neem van die uitkoms van Fisher (1922) se eksakte toets. Die resultate is gelys in Tabele 11 tot 17. Die tweede en derde kolom van enige tabeldeel gee die aantal waarnemings in onderskeidelik versmelte (CI) en nieversmelte (SI) konstruksies. Ons het slegs die hoofwerkwoorde wat beduidend tot die medewerkwoord aangetrek word, vermeld in die tabelle, waarby $CS > 3$ beduidend is vir $p < 0,001$, $CS > 2$ vir $p < 0,01$ en $CS > 1,30103$ vir $p < 0,05$.

Uit die resultate blyk dit dat vir die meeste ondersoekte werkwoorde die hoofwerkwoord 'n bepalende faktor is in die keuse vir 'n versmelte of 'n onversmelte konstruksie. Net vir *leer* is daar geen hoofwerkwoorde wat beduidend tot die medewerkwoord aangetrek word nie. As ons na die data kyk, is daar net een werkwoord met 'n hoë frekwensie: *ken* (wat sowel in versmelte as nieversmelte konstruksies voorkom).

CI kom	#CI	#SI	CS	SI kom	#CI	#SI	CS
<i>geniet</i>	55	0	3,46	<i>aanhardloop</i>	0	2	1,85
<i>maak</i>	25	0	1,47	<i>aansweef</i>	0	2	1,85
				<i>inloer</i>	0	2	1,85
				<i>kuier</i>	3	3	1,60
				<i>staan</i>	4	3	1,39

Tabel 11: Kolleksemanalise vir *kom*

CI help	#CI	#SI	CS	SI help	#CI	#SI	CS
<i>verseker</i>	3	0	1,54				

Tabel 12: Kolleksemanalise vir *help*

CI gaan	#CI	#SI	CS	SI gaan	#CI	#SI	CS
<i>haal</i>	40	1	13,24	<i>wees</i>	0	52	14,75
<i>lees</i>	13	0	4,54	<i>hê</i>	0	5	1,32
<i>maak</i>	28	9	3,99	<i>kom</i>	0	5	1,32
<i>sit</i>	11	0	3,83				
<i>soek</i>	13	1	3,62				
<i>besoek</i>	7	0	2,42				
<i>kyk</i>	7	0	2,42				
<i>staan</i>	8	1	2,04				
<i>gooi</i>	5	0	1,73				
<i>koop</i>	5	0	1,73				
<i>sien</i>	6	1	1,44				
<i>geniet</i>	4	0	1,38				

Tabel 13: Kolleksemanalise vir *gaan*

CI laat	#CI	#SI	CS	SI laat	#CI	#SI	CS
<i>weet</i>	61	2	20,86	<i>wonder</i>	0	9	2,36
<i>val</i>	48	5	12,77	<i>ontstaan</i>	0	8	2,10
<i>vaar</i>	13	0	4,61	<i>word</i>	0	7	1,83
<i>staan</i>	21	5	3,86	<i>doen</i>	0	6	1,57
				<i>afkoel</i>	1	8	1,42
				<i>wees</i>	0	5	1,30

Tabel 14: Kollekseemanalise vir *laat*

CI bly	#CI	#SI	CS	SI bly	#CI	#SI	CS
<i>glo</i>	6	0	1,61	<i>staan</i>	9	16	1,61

Tabel 15: Kollekseemanalise vir *bly*

CI begin	#CI	#SI	CS	SI begin	#CI	#SI	CS
<i>sien</i>	3	1	1,60				
<i>wens</i>	2	0	1,42				

Tabel 16: Kollekseemanalise vir *begin*

CI probeer	#CI	#SI	CS	SI probeer	#CI	#SI	CS
<i>kwantifiseer</i>	2	0	2,97				
<i>aanvoer</i>	1	0	1,46				
<i>beding</i>	1	0	1,46				
<i>belieg</i>	1	0	1,46				
<i>bevorder</i>	1	0	1,46				
<i>impliseer</i>	1	0	1,46				
<i>platskiet</i>	1	0	1,46				

Tabel 17: Kollekseemanalise vir *probeer*

Vir die werkwoorde *help*, *gaan*, *laat*, *begin* en *probeer* wys die resultate dat daar meer werkwoorde is wat tot die versmelte konstruksie aangetrek word, en dat die kollostruksiesterkte groter is as die kollostruksiesterkte van die werkwoorde wat tot die nieversmelte konstruksies aangetrek word. In die geval van *help*, *begin*

en *probeer* is daar nie werkwoorde wat beduidend tot nieversmelte konstruksies aangetrek word nie. Vir *kom* en *laat* is daar meer werkwoorde wat aangetrek word deur die nieversmelte konstruksie, maar die kollostruksiesterkte vir die werkwoorde wat aangetrek word deur die versmelte konstruksie is in die algemeen (baie) groter. Vir *bly* tref ons net een werkwoord aan in elke kategorie en nie een van die werkwoorde het 'n groot kollostruksiesterkte nie.

3.3 Bevelsinne

Ons het vir die agt werkwoorde wat afwisseling vertoon ook ondersoek of 'n bevelskonstruksie invloed het op die voorkoms van samesmelting. Ons het getel hoeveel van die geselekteerde voorbeelde met en sonder werkwoordsamesmelting 'n imperatief bevat en dit op dieselfde manier geëkstrapoleer soos in Tabel 1.

	Frekwensie CI		Frekwensie SI	
	#	%	#	%
<i>kom</i>	801	100,00	0	0,00
<i>gaan</i>	736	100,00	0	0,00
<i>help</i>	7	46,67	8	53,33
<i>bly</i>	1	9,09	10	90,91
<i>laat</i>	143	9,02	1 442	90,98
<i>begin</i>	1	2,38	41	97,62
<i>leer</i>	0	0,00	3	100,00
<i>probeer</i>	0	0,00	210	100,00
Totaal	1 689	49,63	1 714	50,37

Tabel 18: Voorkoms in versmelte (CI) en nieversmelte (SI) konstruksies vir imperatiewe ná ekstrapolasie

Die resultate wys dat die bewegingswerkwoorde *gaan* en *kom* inderdaad altyd saamsmelt in bevelskonstruksies, soos verwag op grond van Biberauer (2020). Vir *gaan* is dit teengesteld aan die feit dat die nieversmelte vorm algemeen meer frekwent is. Aan die ander kant kom *probeer* en *leer* alleen nieversmelt voor. Slegs by *help* sien ons geen voorkeur vir 'n spesifieke konstruksie nie.

4. Besluit

Uit die korpusondersoek en die onderskeidende kollekseemanalises blyk dit dat vir die meeste van die ondersoekte werkwoorde die hoofwerkwoord 'n bepalende faktor is in die keuse vir 'n versmelte of 'n onversmelte konstruksie. Vir *ophou* en *aanhou* het ons nie genoeg korpusrefsleae gekry om 'n analise uit te voer nie. Slegs in die geval van *leer* het ons nie werkwoorde aangetref wat beduidend tot versmelte of nieversmelte konstruksies aangetrek word nie. In die algemeen wys die resultate dat die kollostruksiesterkte van die werkwoorde wat beduidend aangetrek word deur versmelte konstruksies (baie) groter is as die kollostruksiesterkte van die werkwoorde wat beduidend aangetrek word deur nieversmelte konstruksies. 'n Aantal van die konstruksies word deur Ponelis (1993) en De Vos (2001) as geleksikalisier beskou. Bowendien vertoon die werkwoorde in bevelskonstruksies behalwe vir die minder frekwente medewerkwoord *help* 'n sterker voorkeur vir een van die twee konstruksies, waarby die bewegingswerkwoorde *gaan* en *kom* samesmelting verkies in teenstelling met die ander werkwoorde.

In 'n volgende stap van hierdie navorsing gaan ons die nagevorste konstruksies nie beperk tot sinne met 'n naamwoordgroep in die middelveld nie. Verder gaan ons die korpusondersoek uitbrei na meer werkwoorde as die tien bogenoemde, om ook konstruksies in te sluit met indirekte skakelwerkwoorde, soos in (4) en langer versmelte konstruksies met drie of meer werkwoorde, soos in (24).

(24) *Gaan lê en slaap hulle?*

Ons sal ook 'n regressieanalise uitvoer om te kontroleer of daar ander faktore is wat die wisseling bepaal, soos semantiese kenmerke (byvoorbeeld die kombinasie met oorganklike versus onoorganklike werkwoorde), buitetalige faktore (byvoorbeeld genre of dialekarea) en sintaktiese kenmerke (byvoorbeeld of die konstruksie in 'n bysin staan, aanwesigheid van 'n objek of 'n adjunk).³⁴

KU Leuven

Bronnelys

- Bertrands, Hannah.** 2020. “Complex initials” in het Afrikaans. Een corpus-gebaseerd onderzoek naar de alternantie tussen complex en simplex initials in het Afrikaans. B.A.-proefskrif. Leuven: KU Leuven.
- Biberauer, Theresa.** 2019. Grammaticalisation and pragmaticalisation have different entry points: evidence from pseudo-coordination. Referaat op die 2nd Pseudo-Coordination and Multiple Agreement Constructions Meeting. Venesië, Maart.
- Biberauer, Theresa.** 2020. Learning from commands: insights from Afrikaans. Referaat aan die KU Leuven, 14 Februarie 2020.
- Cavirani-Pots, Cora.** 2020. *Roots in Progress: Semi-lexicity in the Dutch and Afrikaans verbal domain*. Utrecht: Landelijke Onderzoekschool Taalwetenschap.
- De Stadler, Leon G.** 1992. Die werkwoorde kom en gaan als deiktiese mede-werkwoorde. *South African Journal of Linguistics*, 10(2): 89-98.
- De Vos, Mark.** 2001. Afrikaans Verb Clusters: A Functional-Head Analysis. Master’s thesis. Tromsø: University of Tromsø.
- De Vos, Mark.** 2005. *The syntax of pseudo-coordination in English and Afrikaans*. Utrecht: Landelijke Onderzoekschool Taalwetenschap.
- De Vos, Mark.** 2006. Quirky Verb-Second in Afrikaans: complex predicates and head movement. In: Hartmann, J. and Molnárfi, L. (eds.). *Comparative Studies in Germanic Syntax: From A(frikaans) to Z(urich German)*. Amsterdam/Philadelphia: John Benjamins. 89-114.
- Dirix, Peter en Augustinus, Liesbeth.** 2020. Kom geniet die dag! Een corpus-onderzoek naar de alternantie tussen complex en simplex initials in het Afrikaans. In: *Studies van de Belgische Kring voor Linguïstiek*, 14.
- Dirix, Peter, Augustinus, Liesbeth en Van Eynde, Frank.** 2020. IPP in Afrikaans: a corpus-based investigation and a comparison with Dutch and German. In: De Vogelaer, G., Koster, D. and Leuschner, T. (eds.). *German and Dutch in contrast: synchronic, diachronic and psycholinguistic perspectives*. Berlin/Boston: De Gruyter. 109-142.
- Fisher, Ronald A.** 1922. On the Interpretation of χ^2 from Contingency Tables, and the Calculation of P. *Journal of the Royal Statistical Society* 85(1): 87-94.
- Gries, Stefan.** 2007. Coll.analysis 3.2a. A program for R for Windows 2.x.
- Gries, Stefan and Stefanowitsch, Anatol.** 2004. Extending collostructional analysis: A corpus-based perspective on ‘alternations’. *International Journal of Corpus Linguistics* 9(1): 97-129.
- Klein, Yolandi.** 2009. Syntactic Variation in Afrikaans – An Empirical Study. Master’s thesis. Cape Town: University of Cape Town.

- Ponelis, Friedrich Albert.** 1979. *Afrikaanse Sintaksis*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Ponelis, Friedrich Albert.** 1993. *The Development of Afrikaans*. Frankfurt am Main: Peter Lang.
- Robbers, Karin.** 1997. *Non-finite verbal complements in Afrikaans: A comparative approach*. Den Haag: Holland Academic Graphics (HIL).
- Van Schoor, J.L.** 1983. *Die Grammatika van Standaard-Afrikaans*. Kaapstad/Johannesburg: Lex Patria.

Note

1. Vir 'n lys van die direkte en indirekte skakelwerkwoorde in Afrikaans, sien Dirix et al. (2020).
2. Virtuele Instituut vir Afrikaans (VivA) (2018). Korpusportaal: Omvattend 1.4. <http://viva-afrikaans.org>
3. 'n Verkorte versie van hierdie artikel het verskyn as Dirix en Augustinus (2020).
4. Ons dank Suléne Pilon en die anonieme keurders vir hulle opmerkings op die artikel. Liesbeth Augustinus se navorsing is gefinansier deur FWO Vlaanderen.